

Redaksionele Beleide



Omtrent die Beleide

Voorwoord

Die SABC hersien tans die Korporasie se bestaande Redaksionele Beleide. Die kykers en luisterpubliek en sy personeel is die SABC se twee primêre belangegroepes en hierdie boekie is opgestel om hulle deelname aan die proses te fasiliteer. Die boekie gee 'n oorsig van die bestaande Redaksionele Beleide in 'n vraag en antwoord formaat en identifiseer sekere besprekingspunte vir die hersieningsproses. Hierdie besprekingspunte is nie bedoel om debatvoering te beperk nie en bydraes oor al die beleidselemente word verwelkom.

Die volledige redaksionele beleide is op die SABC se webtuiste, www.sabc.co.za, of by enige SABC-kantoor beskikbaar.

Inleiding

V: Waarom het die SABC Redaksionele Beleide?

Die SABC word ingevolge artikel 6(5) van die Uitsaaiwet (soos gewysig) verplig om beleide te ontwikkel wat nakoming van die Onafhanklike Kommunikasie owerheid van Suid Afrika (ICASA) se Gedragskode, die Korporasie se lisensievoorwaardes en die bepalings van die Wet verseker. Hierdie beleide moet 'n nuus redaksionele beleid, sowel as beleide oor programmering, plaaslike inhoud, opvoeding, universele diens en toegang, taal en godsdiens insluit.

V: Wat is die doel met die Redaksionele Beleide?

Die gedagte met die beleide is om die redaksionele personeel te help om oor moeilike redaksionele kwessies en besluite te onderhandel sodat eiesoortige en boeiende – en soms kontroversiële – programme gemaak kan word, terwyl die hoogste etiese en redaksionele standaarde gehandhaaf word.

In wese verskaf die beleide die raamwerk waarbinne die SABC-personeel besluite neem oor die inhoud wat op ons platforms aangebied word.

V: Geld die beleide slegs vir radio en televisiedienste?

Nee, die beleide geld vir alle SABC inhoud, asook dienste vir die nasionale en die internasionale publiek. Die beleide is van toepassing op al die dienste wat 'n SABC-departement of 'n onafhanklike maatskappy vervaardig, ongeag of dit deur middel van radio of televisie, aanlyn, 'n kortboodskapdiens (sms) of mobiele foon aangebied word.

V: Watter aspekte word in Redaksionele Beleide hanteer en waarom?

Die Uitsaaiwet van 1999 (soos gewysig) vereis dat die SABC die volgende ontwikkel:

- i. Nuus redaksionele beleid
- ii. Programmeringsbeleid
- iii. Plaaslike-inhoudsbeleid
- iv. Opvoedkundige beleid

v. Universele diens en toegangsbeleid

vi. Taalbeleid

vii. Godsdienstebeleid

Die SABC het besluit om al die bogenoemde beleide by die bestaande Redaksionele Beleide in te sluit. Verder is daar 'n afdeling wat die Mandaat van die Korporasie, met inbegrip van die Kern Redaksionele Waardes van die SABC, 'n Redaksionele Kode en 'n Redaksionele Boontoeverwysing, bevat.

Daarby mandateer die Redaksionele Beleide gebiede vir die ontwikkeling van beleide wat spesifieke kwessies aanroer wanneer dit opduik, in welke verband Nuus en Aktuele Sake die volgende aanvullende beleide ontwikkel het wat deur die Raad van die SABC goedgekeur is:

- Beleidsriglyne vir die gebruik van kommentators en analiste
- Beleid oor die dekking van staatsbegrafnisse
- Beleid oor billike dekking tydens nasionale verkiesings

V: Waarom hersien die SABC die Redaksionele Beleide?

Die Redaksionele Beleide bepaal dat die beleide op vasgestelde tye hersien moet word. Sedert die Redaksionele Beleide aanvanklik in 2004 ingestel is, het die uitsaaiomgewing boonop sekere fundamentele veranderings ondergaan wat 'n impak het op die wyse waarop besluite oor inhoud geneem word – en aangesien dit implikasies vir die Redaksionele Beleide het, moet daar met die hersiening verseker word dat die Redaksionele Beleide hierdie ontwikkelinge weerspieël, terwyl daar terselfdertyd 'n omgewing geskep moet word wat die personeel in staat sal stel om die Openbare Uitsaaiers se mandaat na te kom.

V: Hoe word die hersiening gedoen?

Die oorspronklike beleide was die uitkoms van maandelike konsultasie; en hierdie hersiening sal dieselfde proses volg – met uitgebreide deelname deur die SABC-personeel en lede van die publiek. Openbare verhore sal in elke provinsie gehou word en ons luisteraars en kykers sal die geleentheid kry om deel te neem deur programme oor die radio en op televisie, asook deur gebruikmaking van interaktiewe media, byvoorbeeld Facebook en die SABC

webtuiste. Die SABC se ondervinding met die bestaande Redaksionele Beleide sal die hersiening verder toelig, sowel as kundigheid wat by ander openbare uitsaaiers opgedoen is, welke instansies meestal oor Redaksionele Beleide of Riglyne beskik.

Hersiening: n Aantal algemene kwessies

Implementering:

Gedurende die aanvanklike konsultasie oor die hersiening is kommer uitgespreek oor die voortgesette implementering van die Redaksionele Beleide binne die SABC. In hierdie konteks is daar gevra of dit nodig is om spesifieke klousules by die Redaksionele Beleide in te sluit ten einde te verseker dat daar aan die klousules voldoen word en dit behoorlik oor die hele instansie geïmplementeer word.

Kommersiële befondsing/Teenstrydigheid betreffende die Openbare Uitsaaier:

Die feit dat die grootste deel van sy inkomste uit die kommersiële sfeer – en spesifiek uit tradisionele advertensieaktiwiteite – afkomstig is, maak die SABC bykans uniek as 'n openbare uitsaaier. Dit beteken dat die SABC aan 'n verskeidenheid buitengewone uitdagings onderworpe is betreffende sy vermoë om sy mandaat as openbare uitsaaier na te kom, en heelwat van hierdie uitdagings het ndirekte impak op die redaksionele besluitnemingsproses. Die Redaksionele Beleide gee nie in detail aandag aan die bestuur van die teenstrydighede wat kan ontstaan omdat sowel n kommersiële as n openbare mandaat gedien word nie.

– Is daar maniere waarop die beleide dit wel kan doen?

Tegnologiese ontwikkelinge:

Die mees betekenisvolle ontwikkelinge wat die kykers en luisterpubliek betref en in Redaksionele Beleide ondervang behoort te word, is:

- Die opkoms (en voortdurende groei) van die sosiale media
- Die naderende oorgang vanaf 'n analooguitsendingsnetwerk na 'n digitale uitsendingsnetwerk

Blogs, mikroblogs, inhoudsgemeenskappe en sosiale netwerke is die sosiale media wat die grootste impak op Redaksionele Beleide het en in hierdie verband is daar vier gebiede wat ooreenkomstig die Redaksionele Oorsig aandag benodig:

- Die gebruik van sosiale mediatereine as inligtingsbronne, veral in 'n nuusomgewing. Dit is 'n kwessie wat verder in die afdeling oor Nuus en Aktuele Sake van die Redaksionele Beleide verken kan word.
- Die gebruik van sosiale medianetwerke deur SABC personeel in hulle persoonlike hoedanigheid: Daar sal waarskynlik tussen personeel wie se openbare profiele onlosmaaklik deel van die SABC is en ander personeel onderskei moet word.
- Die gebruik van SABC platforms om sosiale mediatereine van derde partye te bevorder moet ook hersien word.
- Die bestuur van gebruiker-gegenereerde inhoud soos onder-die-lyn-kommentaar op blogtipe webbladsye.

Ofskoon die impak van Digitale Terrestrale Televisie (DTT) nog nie waargeneem kan word nie, sal dit 'n beduidende invloed op televisie inhoud in die toekoms hê. Die uitgebreide bandwydte sal voorsiening maak vir die uitsending van aansienlik meer kanale, en 'n raming sal gedoen moet word om te bepaal watter impak hierdie kwantitatiewe skuif moontlik op Redaksionele Beleide sal hê. Die naderende instelling van DTT dryf ook beleids- en regulerende hersiening wat in aanmerking geneem moet word wanneer die beleide bespreek word.

Huidige Beleide: Mandaat

V: Wat is die kern redaksionele waardes van die SABC?

Gelykheid – Die SABC voorsien programme vir almal, in al die amptelike tale, en bevorder universele toegang tot sy dienste.

Redaksionele Onafhanklikheid – Die SABC word beheer deur die Handves van die

Korporasie waarvolgens die joernalistieke, kreatiewe en programmeringsonafhanklikheid van die Korporasie se personeel en die vryheid van spraak deur die Grondwet vasgelê is.

Nasiebou -- Die SABC vier Suid-Afrika se nasionale identiteit en kultuur, en voorsien die inligting wat inwoners benodig om aan die demokrasie te kan deelneem.

Diversiteit - Die SABC weerspieël Suid Afrika se diverse tale, kulture, provinsies en mense in sy programme.

Menswaardigheid - Die SABC respekteer die inherente waardigheid van alle Suid Afrikaners, weerspieël mense in hulle volle diversiteit, en gebruik nie taal of beelde wat stereotiepe of bevooroordeelde opvattinge van Suid Afrikaanse rasgroepeerings, kulture en die geslagte oordra nie.

Rekenpligtigheid - In die uitvoer van hulle redaksionele verantwoordelikhede is die SABC bestuur en personeel rekenpligtig aan die SABC Raad, wat moet toesien dat die Korporasie hom by die Handves neerlê.

Deursigtigheid - Die SABC verseker dat die beginsels van eerlikheid, openheid en deursigtigheid elke aspek van sy verhouding met die aandeelhouders, belanghebbendes, verskaffers en die publiek bepaal.

V: Waarom benodig ons hierdie kern redaksionele waardes?

Die waardes, wat gebaseer is op die waardes wat in die Grondwet verwoord word — met inbegrip van nasionale ontwikkeling, eenheid, diversiteit, nierassigheid, nieseksisme, demokrasie en menswaardigheid — verteenwoordig daardie aspekte wat Suid Afrikaners gesamentlik van belang ag. Dit oorbrug politieke, klas- en gendergrense, en alhoewel ons nog aan die begin van ons projek van nasionale ontwikkeling staan, is dit die waardes wat ons as n nasie anker. Vir die openbare uitsaaiër moet dit dus die boustene van sy Redaksionele Beleide uitmaak.

Hersiening: Redaksionele Waardes

- Bly hierdie waardes relevant vir die openbare uitsaaiwese in die konteks van n ontwikkelingstaat?
- Is daar enige waardes wat weggelaat is, behoort enige van die bestaande waardes verwyder te word, of behoort die inhoud wat daaraan gegee is gewysig te word?

- Buiten die kwessies wat hierbo aangeroei is, is daar ook n behoefte dat die beginsels toegelig en prakties gemaak moet word.

V: Wat is die Redaksionele Kode?

Die SABC Raad het die Redaksionele Kode in 1993 ontwikkel en dit is hersien om deel van die Redaksionele Beleide van 2003 uit te maak. Die Kode het uit die Kernwaardes ontstaan en toe dit in 2003 hersien is, is verdere ontwikkelinge in wetgewing in ag geneem. In die huidige hersiene weergawe het die Redaksionele Kode vyftien klousules, waarvan agt spesifiek op Nuus en Aktuele Sake betrekking het, ses het met alle genres te make en twee verwys spesifiek na programmering. Die kwessies wat in die Kode aangeroei word, word ook in die betrokke afdelings van die Redaksionele Beleide hanteer.

V: Wat beteken “boontoe verwys”?

Die konsep “boontoe verwys” het te make met die vrywillige proses waarvolgens redaksionele personeel hulle toesighouer kan raadpleeg oor enige redaksionele besluite waaroor hulle onseker voel. Indien daar enige struikelblok rakende programproduksie en/of redaksionele beheer ontstaan, of waar produksieleiers of opdraggewende redakteurs oor enigiets onseker voel, moet hulle hul toesighouers vir leiding nader. Die proses van vrywillige boontoe verwysing strek so ver as die Groephef Uitvoerende Beampte in sy of haar kapasiteit as hoofredakteur. Die SABC beskou boontoe verwysing as n onderlinge bemagtigings, opvoedkundige en ontwikkelingsbenadering vir al die betrokke personeel. Die gedagte is nie om redaksionele besluitneming boontoe te verskuif nie; dit is eerder bedoel om, waar nodig, gesamentlike besluitneming en gedeelde redaksionele verantwoordelikheid te ondersteun – veral wanneer ingewikkelde besluite geneem moet word – en om die interafhanklikheid ten opsigte van die geloofwaardigheid van die Korporasie en sy personeel te beklemtoon. Boontoe verwysing beteken ook nie dat die vervaardiging en uitsending van kontroversiële en boeiende programme ontoelaatbaar is nie; die gedagte is eerder dat terwyl sulke programme vervaardig en gekontraakteer word, die hoogste etiese en redaksionele standaarde gehandhaaf word.

V: Is daar enige sake wat boontoe verwys moet word?

Daar is sekere sake wat die redaksionele personeel in die loop van hulle werk boontoe moet verwys. Hierdie gevalle sluit in onderhoude met misdadigers of mense wat deur die polisie gesoek word, asook die uitbeelding of vertoning van mense in 'n direkte uitsending vir vermaak deur die gebruik van versteekte kameras. Daar is 'n lys van altesaam veertien gevalle in die Redaksionele Beleidsdokument wat as verpligte gevalle boontoe verwys moet word.

Hersiening: Redaksionele Kode & Boontoe Verwysing

- Is dit nodig om voor te skryf onder watter omstandighede boontoe verwysing verpligtend is en, indien dit is, is die lys wat in die Redaksionele Beleide vervat is toepaslik, of is daar items wat op daardie lys bygevoeg moet word of daaruit verwyder moet word?
- Is dit gepas dat die Groephoof Uitvoerende Beampte die Hoofredakteur is en, indien nie, wie aanvaar die uiteindelijke verantwoordelikheid vir Redaksionele Inhoud en hoe word dit gedoen?

Bestaande Beleide: Programmering

V: Watter beleide en regulerende vereistes bepaal die SABC programinhoud?

- Die Handves
- Die SABC se Kern Redaksionele Waardes
- Die SABC se Redaksionele Gebruikskode
- Die SABC se verpligting om aan die bedryfsstandaard, die Gedragkode vir Uitsaaiers wat deur die Uitsaaiagtekommissee van Suid Afrika (UKKSA) geadminestreer word, te voldoen
- Die SABC se verpligting om aan die Onafhanklike Kommunikasie owerheid (ICASA) se lisensievoorwaardes en regulasies te voldoen

V: Is daar enige beginsels wat die SABC se programmering rig?

Die SABC se benadering tot programmering word gerig deur die volgende beginsels:

- Die programme word ondersteun deur die SABC se kern redaksionele waardes. Die waardes beïnvloed die vervaardiging, opdraggewing en verkryging van al sy programme.
- Die SABC poog om n wye verskeidenheid programme vir inligting, opvoeding en vermaak in n verskeidenheid genres en formate te voorsien, wat meestal vir elkeen iets interessants sal bied.
- As die nasionale openbare uitsaaiër is dit die SABC se plig om die ontwikkeling van Suid Afrikaanse meningsuiting aan te moedig. Daarom is dit 'n vertoonvenster vir Suid Afrikaanse talent, ondersteun dit Suid Afrikaanse kultuur, en streef dit daarna om programme te ontwikkel wat herkenbaar Suid Afrikaans is.
- Die SABC streef daarna om die lewe van Suid Afrikaners as wêreldburgers vir hulle in konteks te plaas, en om net die beste programme wat die wêreld bied uit te saai.
- Gegewe ons geskiedenis, en die feit dat Suid Afrika deel van Afrika uitmaak, beskou die SABC dit as sy verantwoordelikheid om Afrika en stories uit Afrika billik en op uiteenlopende wyse aan te bied.
- Vryheid van spraak vorm die kern van SABC programme.

V: Waarom moet ons voldoende waarskuwings oor programinhoud aan kykers rig?

Omsigtige skedulering en toepaslike waarskuwings of advies maak dit vir ons publiek moontlik om ingeligte keuses te maak oor wat hulle wil sien en hoor. Hierdie praktyk stel die SABC geensins vry van sy redaksionele verantwoordelikhede nie, maar verskans in werklikheid die kultuur van respek vir vryheid van spraak en die reg om inligting te ontvang en oor te dra.

V: Watter onderskeie simbole gebruik ons as waarskuwings?

Die Gedragskode vir Uitsaaiers bepaal dat ons duidelike adviessimbole aan sy publiek moet gee sodat hulle ingeligte keuses kan maak oor wat hulle graag wil sien of hoor, of hulle kinders wil toelaat om te sien of te hoor. Dit behels ouderdomsaanduiders (13, 16, 18), sowel as simbole vir inhoud – geweld (V); eksplisiete seksuele inhoud (S); naaktheid (N); onwettige taal, insluitend godslastering (L); en vooroordeel (P).

V: Waarom word programme wat volwasse temas aanroer laat saans uitgesaai?

Die grens tydperk (21:00 – 05:00) is die tydperk waartydens daar progressief meer volwasse inhoud op televisie vertoon mag word. Voor hierdie grens tydperk mag geen materiaal vertoon word wat nie geskik is vir kinders nie. Die grens tydperk word deur die Gedragskode vir Uitsaaiers gereuleer en die Uitsaaiklagtekommissie van Suid Afrika (UKKSA) hanteer enige oortredings daarvan.

V: Is daar n grens tydperk vir radio?

Alhoewel die Gedragskode vir Uitsaaiers nie n grens tydperk vir radio bepaal nie, hou die SABC hom by die uitspraak dat stasies nie materiaal wat ongeskik is vir kinders op n tyd mag uitsaai wanneer kinders na verwagting 'n groot deel van die gehoor sal uitmaak nie. Stasies moet dit byvoorbeeld in gedagte hou dat kinders waarskynlik na die radio sal luister wanneer hulle op pad skool toe is of daarvandaan terugkom.

V: Wat kan ek doen indien n program gods lastering bevat?

Die Kode bepaal dat onweloweglike taal, insluitend gods lastering en ander godsdiens onsensitiewe materiaal, nie in programme wat spesifiek vir kinders bedoel is, gebruik mag word nie. Verder mag geen buitensporig of erg aanstootlike taal voor die grens tydperk gebruik word of wanneer daar moontlik 'n groot aantal kinders in die gehoor sal wees nie.

Die SABC se Programmeringsbeleid erken dat ofskoon gods lastering algemeen in daaglikse segswyses voorkom en daarom gereeld op televisie gebruik word, die gebruik vir baie kykers aanstootlik is. Die SABC poog daarom om die "L" waarskuwingsimbool nougeset toe te pas wat gods lastering betref, ten einde ongemak by kykers wat die gebruik aanstootlik vind tot die minimum te beperk. Die volgende UKKSA riglyne moet ook gevolg word: n In die geval van 'n drama of dokumentêre program, tensy uitsonderlike omstandighede dit vereis, word die ydelike gebruik van die Skepper se naam deur karakters of persone in rolprente wat ná die grens tydperk uitgesaai word, toegelaat, onderworpe daaraan dat behoorlike waarskuwing gegee word oor die taal,

sowel as 'n paslike ouderdomsperk. • In gesinsyd moet die woorde verwyder word in sover dit moontlik is om dit te doen. n Hoë frekwensie van sodanige woordgebruik word nie toegelaat nie. • Waar aanbieders sulke taal op 'n neerhalende wyse teenoor luisteraars gebruik – selfs in die grens tydperk – kom dit op n skending van die Kode neer.

V: Wat sê die beleid omtrent ons rol ten opsigte van taalgebruik in programme?

n Openbare beskermer is 'n belangrike bron van inligting en kultuur, en kan standaarde en waardes deur middel van sy taalgebruik beïnvloed. Die SABC moet daarom hoë integriteitstandaarde handhaaf wat taalgebruik betref. Die riglyne is soos volg: • Dat taal nie bloot om die skokwaarde daarvan gebruik mag word nie • Dat godslastering nooit ongevraag gebruik mag word nie • Dat die gebruik van onweloweglike taal nie in programme verbied mag word nie, maar slegs toegelaat mag word wanneer dit verdedigbaar is wat konteks en egtheid/geloofwaardigheid betref • Dat taalgebruik godsdienssensitiwiteit in ag moet neem.

V: Wat is die SABC se beleid oor diskriminasie teenoor gestremdheid?

Die SABC besef dat groepe met gestremdhede dikwels voel dat hulle op die kantlyn uitgeskuif word, en dat dit die openbare beskermer se plig is om die toegang van hierdie segmente van sy publiek tot die SABC se dienste en programme te bevorder en te verseker dat daar billike verteenwoordiging deur mense met gestremdhede in sy programmering is. Daarom behandel die SABC mense met gestremdhede in sy programmering met respek en verbind hy hom daartoe om gestremdheidkwesties op só 'n wyse uit te beeld dat dit nie skadelike negatiewe stereotipes van gestremde persone laat voortduur nie. Ons is verder daartoe verbind om tegnieke te ondersoek waarvolgens ons dienslewering aan mense met gestremdhede verbeter kan word. Waar moontlik poog ons ook om mense met gestremdhede by sulke inisiatiewe te betrek.

V: Wat doen die SABC om geweld teen vroue te ontmoedig?

Die Redaksionele Beleide van die SABC bepaal spesifiek dat sy programmeringsinhoud, wanneer dit binne konteks beoordeel word, nie geweld teen vroue mag bevorder nie, vroue nie as passiewe slagoffers van geweld en mishandeling mag uitbeeld nie, vroue nie mag degradeer en hulle rol en posisie in die samelewing nie mag ondermyn nie, nie seksisme en genderongelykheid mag versterk nie, en nie stereotipes mag aanblaas nie.

V: Wanneer is dit aanvaarbaar om tonele van geweld op televisie uit te saai?

Die Gedragskode stel baie streng vereistes oor wanneer geweld uitgesaai mag word en wanneer nie. Ter aanvulling meld die Programmeringsbeleid van die SABC dat tonele wat geweld bevat slegs uitgesaai mag word indien dit nodig is om wettige inligting of konteks uit te beeld.

Daarom is dit die SABC se plig om nie enige soort geweld te romantiseer of te bevorder nie, en om geweld te vertoon slegs indien dit kan help om n storie uit beeld, deernis op te wek, hulp te ontfok, of gewoon n akkurate voorstelling van werklike gebeure aan te bied. Indien geweld hoegenaamd gebruik word, is adviessimbole vir kykers noodsaaklik. Die SABC se oogmerk is nie om te bepaal hoeveel geweld geduld sal word nie, maar hoe min daarvan nodig is om 'n eerlike doel te bereik sonder om buitensporig ingrypende of redaksionele kompromieë aan te gaan.

V: Beskerm die Redaksionele Beleid die reg op waardigheid en privaatheid?

Die Kode vereis dat die elektroniese media met buitengewone sorg en omsigtigheid te werk sal gaan in aangeleenthede wat met die privaat lewe en belange van individue te make het, op dié voorwaarde dat die reg op privaatheid in wettige openbare belang ter syde gestel kan word. Die SABC verwag dat hierdie soort besluite na behoorlike oorweging van die Korporasie se waardes geneem sal word.

V: Wie besluit wat kinders mag sien of hoor?

Uitsaaiers mag nie materiaal uitsend wat ongepas is vir kinders op tye wanneer daar verwag kan word dat groot getalle kinders in die gehoor sal wees nie. Ongeag die voornoemde, is die onus op ouers om besluite te neem oor wat hulle kinders mag kyk of nie mag kyk nie, met dien verstande dat ons ons verpligting nakom om gepaste waarskuwings uit te saai wat dit vir ouers moontlik maak om daardie besluite te kan neem.

V: Ek het gehoor dat dit onwettig is om n rolprent te sensor. Is dit waar en hoe hanteer die SABC die saak?

Sensuur, soos dit in die vorige bedeling toegepas is, waarvolgens slegs die belange van 'n paar mense in ag geneem is, word nie langer ondersteun in Suid Afrika se nuwe Grondwetlike omgewing waarin daar bitter min beperkings op vryheid van spraak is nie. Ten einde die kykers en luisterpubliek in staat te stel om hulle eie keuses te maak, word daar verkies om waarskuwings oor die lug te gee sodat die publiek self die keuses kan maak. Dit bly dan die reg van elke individu om te besluit wat om te kyk en te reguleer wat kinders mag kyk.

V: Hoe hanteer ons klagtes van die publiek oor ons uitsendings?

Klagtes van lede van die publiek wat by die SABC ontvang word en op beleidsake of die nakoming van die Kode betrekking het, word deur die kantoor van die Bestuurder: Uitsaainakoming hanteer. Wanneer die kanale of stasies, of enige ander departement, sulke klagtes ontvang, moet dit sonder verwyl na die gemelde kantoor verwys word. Dit is die SABC se beleid om elke klagte te hanteer. Die reaksie word of in samewerking met die bestuur van die kanaal/stasie voorberei, of onmiddellik aan die bestuur, of die betrokke hoof van SABC Nuus, gekommunikeer. Daar word van die dienste verwag om eienaarskap te neem van klagtes oor hulle dienste.

V: Beheer die SABC dit wat op sy dienste geadverteer word?

Ja, in die mate wat die SABC voldoen aan die reëls wat deur die Advertensiestandaarde-owerheid van Suid-Afrika (ASASA) voorgeskryf

word. Verder behou die Afdeling Verkope en Bemaking hom die reg voor om advertensies te aanvaar of om advertensies te verwerp wat nie in die openbare belang geag word nie of wat strydig met die SABC se eie Redaksionele Beleide is.

V: Wat is die riglyne in verband met stereotipes?

Ons onderneem om niestereotipe uitbeeldings van gestremde persone, vroue, swartmense en homoseksuele persone, en enige ander Suid Afrikaners wat dikwels deur die hoofstroommedia gemarginaliseer is of op neerbuigende of stereotipe wyse uitgebeeld is, in sy programmering in te sluit. Die SABC se beleid is soos volg: 1. Om elke onderdeel van die samelewing met respek te hanteer 2. Om persone nie uitsluitlik volgens etniese oorsprong te identifiseer nie, en na kleur te verwys slegs wanneer dit verband hou met die onderwerp wat ter sprake is 3. Om enige onnodige verwysing na gestremdheid te vermy, aangesien dit dikwels as beledigend of 'n inspeeling op 'n gebrek of tekort beskou word, en om nie taal te gebruik wat tot sodanige siening kan bydra nie: "doof" of "hardhorend" en 'n persoon met 'n gestremdheid" behoort byvoorbeeld gebruik te word, in stede van "invalide" of "kreupele" of "vertraagde" 4. Om nieseksistiese taal te gebruik sodat daar nie aanstoot gegee word nie, of die indruk geskep word – deur herhaling – dat sekere aktiwiteite met slegs een geslag geassosieer word.

Hersiening: Programmering

- Is die bogenoemde nog relevant, is daar gevalle waar 'n meer (of minder) beperkende of verbiedende benadering gevolg kan word?
- In 'n aantal gevalle, byvoorbeeld die beleide betreffende geweld, en seks en naaktheid, kom dit in wese uit die Uitsoaaklagtekommissie van Suid Afrika (UKKSA) se Kode. Behoort dit by die beleid ingesluit te word en, waar dit gedoen is, watter klousules geniet voorrang indien 'n wysiging aangebring sou word aan die kode waaruit die klousule(s) kom?
- Hoe relevant is hierdie afdeling ten opsigte van aanlyn of ander nietradisionele dienste?
- In hierdie afdeling, sowel as in Nuus en Aktuele Sake, word daar 'n verbintenis tot die bereiking van genderverteenwoordiging gegee – geeneen van hierdie verbintenisse definieer egter die konsep of gee leiding oor hoe dit bereik kan word nie.

- 'n Groot gedeelte van die afdeling oor programmering handel oor beperkings - behoort daar nie meer gefokus te word op wat gedoen behoort te word en hoe dit gedoen moet word nie?

Bestaande Beleide: Nuus

V: Oefen die Groephoof Uitvoerende Beampte (GHUB) beheer oor die Nuus en programmering uit?

Die rol van Hoofredakteur is een van vele verantwoordelikhede wat die GHUB aanvaar en behoort nie verwar te word met die funksies van die Hoofde van Radio, Televisie, Nuus, Sport en Opvoeding of van die ander Redakteurs en Kanaal- en Stasiebestuurders wat in die SABC se diens staan nie. Die GHUB se rol is nie om dag-to-dag-besuite oor programmering of die nuuskantoor te neem nie. Die Raad van die SABC delegeer egter verantwoordelikheid aan die GHUB en hou die GHUB aanspreeklik vir die prestasie van alle nuus en ander programme wat oor alle radio, televisie, internet en ander dienste van die SABC uitgesend en aangebied word.

Hersiening: Nuus

- Is die bogenoemde (en ander klousules) in die beleide steeds relevant en waar behoort wysigings aangebring te word?
- Die SABC is gekritiseer oor partydige beriggewing; is daar spesifieke elemente van die beleide wat gebruik kan word om die kwessie aan te pak?
- In die konteks van die kritiek oor hoe die SABC oor die instansie self verslag doen, is dit deur hardnekkige kontroverse gekenmerk - hoe kan die Redaksionele Beleide gestruktureer word sodat personeel bemaagtig word om volledig en vergerdig oor die eie instansie verslag te kan doen?

Bestaande Beleide: Taal

V: Wat is die SABC se verbintenis ten opsigte van uitsendings in al die amptelike tale?

Die hoofverbintenisse is: • Verskaf n verskeidenheid eiesoortige, kreatiewe en topgehalte programme in al 11 amptelike tale oor ons hele radio- en televisieportefeulje heen en streef daarna om die behoeftes van elke

taalgemeenskap in ons programmering uit te beeld • Onderhou eiesoortige en afsonderlike radiodienste in elk van die 11 amptelike tale • Behandel al die amptelike tale op ons televisiedienste regverdig • Integreer Suid Afrikaanse Gebaretaal in uitsendings as n manier om programmering toeganklik te maak vir mense met gehoorgestremdheid • Streef daarna om ander nieamptelike tale wat in Suid Afrika gepraat word in te sluit, met spesiale klem op die Khoi, die Nama en die Santaal.

V: Wat is die SABC se posisie rakende nieamptelike tale en Gebaretaal?

Die SABC verbind hom tot die verskaffing van radioprogramme van gehalte in nieamptelike Suid Afrikaanse tale en veral in die Khoi, die Nama en die Santaal.

Die SABC brei die hoeveelheid programmering wat gekontrakteer word progressief uit en begin met geselekteerde nuus en aktuele sake, gevolg deur gebeure van nasionale belang. Spesiale pogings word aangewend om Gebaretaaltolking te voorsien wanneer programme regstreeks voor gehore opgeneem word.

V: Wat word met "billike behandeling" van tale bedoel?

Die term billik beteken regverdig, eerlik en redelik – nie noodwendig gelyke behandeling nie.

In hierdie verband streef die SABC daarna om in elke amptelike taal op televisie uit te saai, terwyl daar verder verseker word dat programme vir so veel kykers as moontlik toeganklik is. Ons doel is om ons nasionale televisiediens deur die verskaffing van streeksdienste aan te vul, soos deur die Uitsaaiwet (soos gewysig) bepaal, in afwagting van die lisensiëring van hierdie dienste deur ICASA en die toewysing van die nodige fondse deur die Parlement. Billikheid word behaal deur 'n kombinasie van metodes, insluitend eentalige produksies en veeltalige programme. Ons streef daarna om deur die gebruik van tegnologieë soos subtitels te verseker dat programme vir so veel kykers as moontlik toeganklik is. By tye word hierdie doelwit die beste bereik deur uit te saai in verwante tale of tale wat n groot aantal gebruikers verstaan.

Wanneer hierdie praktyk toegepas word, roteer die SABC die gebruik van tale in enige verwante groep ten einde billikheid te verseker.

V: Wat is ons benadering ten opsigte van veeltalige uitsending?

Die SABC is bewus van die rol wat veeltalige programme kan speel in die bevordering van kennis van en begrip vir die land se diverse tale en kulture. Sulke programme, wanneer dit kreatief aangewend word, reik ook na wyer gehore uit. Daarom moedig die SABC die vervaardiging van sinvolle veeltalige programme aan as 'n manier om sy doelwitte vir taaluitsendings te bereik. Veeltalige programme is programme wat 'n beduidend groter persentasie van meer as een amptelike taal insluit.

V: Watter Suid Afrikaanse tale word in die beleide erken as tale wat meer gemarginaliseerd is as ander?

Tsonga, Venda, Swati en Ndebele word erken as synde meer gemarginaliseerd as die ander tale en daar is 'n bykomende verpligting op instansies soos die SABC om hierdie gemarginaliseerdheid aan te pak.

V: Watter faktore word in ag geneem wanneer daar besluit word hoeveel tyd elke taal op televisie kry?

Wanneer daar besluit word hoeveel tyd vir elke taal toegewys word, gee die SABC deeglike oorweging aan die volgende:

- Die getal huistaalsprekers in 'n kanaal se dekkingsgebied
- Die geografiese verspreiding van die taal
- Die mate waartoe lede van 'n taalgemeenskap ander tale kan verstaan
- Die mate van marginalisasie van die taal
- Die mate waartoe dit deur ander Suid-Afrikaners verstaan word
- Beskikbare hulpbronne.

Herstening: Taal

- Is die bogenoemde (en ander klousules) in die beleide steeds relevant en waar behoort wysigings aangebring te word?
- Gegewe die verbintenis om die wanbalanse van die verlede reg te stel en - behalwe om kennis daarvan te neem by die toekenning van

hulpbronne – dat die verbintenis nie verder as dit gaan nie; behoort die redaksionele beleide so n verbintenis in te sluit, en indien wel, behoort dit toegelig te word om aan te dui hoe hierdie wanbalanse van die verlede aangepak kan word.

- Wat behoort die SABC se posisie te wees betreffende die evolusie van taal? Is dit in orde om sleng in programmering te gebruik of behoort die SABC die beskermmer van taalsuiwerheid te wees?

- Behoort die SABC dit op hom te neem om 'n bewaker van taal te wees en hoe gaan hy te werk om taalsuiwerheid te meet? Daar is elf (11) amptelike tale in Suid Afrika, elkeen met verskillende variasies: watter maatreeël word ingespan om te bepaal watter dialek suiwer is?

Bestaande Beleide: Universele Dienste

V: Hoeveel van Suid Afrika se bevolking is in die dekkingsgebied van die SABC se drie televisiekanale?

Dekking is tans soos volg: SABC1 - 89% SABC2 - 91% SABC3 - 77%

Bestaande Beleide: Plaaslike Inhoud

V: Watter drie gebiede betreffende plaaslike inhoud word deur ICASA voorgeskryf?

- Globale plaaslike inhoudskwotas vir elke televisiekanal: Dit bepaal dat n persentasie van die lugtyd tussen 05:00 en 23:00 vir plaaslike inhoud toegewys moet word. Die globale kwotas onderskei tussen openbare en kommersiële televisie
- Genrekwotas: Dit bepaal dat indien 'n televisiekanal n bepaalde programmeringsgenre aanbied (byvoorbeeld drama), 'n persentasie van daardie tipe programmering vir plaaslike inhoud toegewys moet word. Die genres word in die ICASA regulasies omskryf en omvat die volgende ses gebiede: drama, informele kennisbou, kinders, opvoeding, dokumentêre programme en aktuele sake. 'n Minimumpersentasie word vir elkeen voorgeskryf. Hierdie kwotas onderskei ook tussen openbare en kommersiële televisie.
- Onafhanklike produksiekwotas. In hierdie geval word daar bepaal dat n persentasie van die totale hoeveelheid plaaslike inhoud wat uitgesaai word, vir onafhanklike televisieproduksies toegewys moet word.

Hierdie kwotas tref geen onderskeid tussen openbare en kommersiële dienste nie. Al die kwotas word in die regulasies uiteengesit en ICASA kan dit elke drie jaar hersien.

Hersiening: Plaaslike Inhoud

- Is die bogenoemde (en ander klousules) in die beleide steeds relevant en waar behoort wysigings aangebring te word?
- Die beleide verbind die SABC tot die ontwikkeling van Afrika inhoud: hoe hanteer ons dit?
- Het die SABC enige verantwoordelikhede buiten die gelisensieerde dienste - indien wel, behoort dit in die Redaksionele Beleide weergegee te word?
- Elders in die dokument is die kwessie van die gepaste bestuur van die inhoudwaardeketting (ten einde openbare-mandaatuitsendings te lewer) geopper as n kwessie wat aangepak moet word - dit moet die gepaste plek wees om dit te doen.

Bestaande Beleide: Godsdienstige Uitsending

V: Hoe word lugtyd vir godsdienstige programmering toegewys?

By die toewysing van lugtyd vir godsdienstige groepe is die SABC verbind tot die beginsel van regverdigheid en hierdie beginsel word toegepas by die bepaling van die tyd wat vir elke groep toegewys word. Hierdie toewysings word op n driejaarlikse basis gedoen, ná konsultasie met die Paneel vir Godsdienstige Uitsendings (RPB), en met inagneming van die volgende:

- Data oor die persentasie van die bevolking in elke godsdienstige groep volgens die jongste beskikbare sensusinligting
- Die behoefte van die groot godsdienste om elkeen betekenisvolle en voldoende programmering van 'n godsdiens spesifieke aard te geniet
- Die behoefte dat al die godsdienste in godsdiensprogramme weerspieël word
- Die behoefte aan voldoende programmering van multigodsdienstige aard
- Die behoefte om die wanbalanse van die verlede te herstel wat godsdienstige uitsendings betref.

V: Waarom gee die beleid oor godsdienstige programme spesiale aandag aan godsdiens uit Afrika?

Die strewe met godsdienstige uitsendings moet wees om kontekstueel en relevant te bly en ons Afrika realiteit te reflekteer. Met die oog op verdere regstellingtoetsing vir sover dit die verwaarlosing van Afrika kultuur in die openbare media betref, word spesiale aandag aan Afrika godsdiens en die tradisionele kulture gewy.

Hersiening: Godsdiens Uitsending

- Is die bogenoemde (en ander klousules) in die beleide steeds relevant en waar moet wysigings aangebring word?
- Die godsdienstige beleide plaas redaksionele beheer oor meditasieprogramme buite die SABC. Die beleid maak ook voorsiening vir die daarstel van 'n Paneel vir Godsdiens Uitsendings wat aan die Raad verslag doen, die toewysing van tyd vir verskillende godsdienstige groepe omskryf en met godsdienstige gemeenskappe skakel. Beide aspekte dui op die opheffing van redaksionele beheer wat by die SABC hoort en moet aangehoor word.
- Die belangrikste kwessie wat ontstaan het betreffende Godsdiens Uitsendings was of die aannames wat gemaak is oor die belang van uitsendings volgens sektebelange gepas was.
- Is die identifisering van die groot godsdienste steeds gepas en hoe word die soms aansienlike verskille binne godsdienste, byvoorbeeld Sjieties en Soennities, Ortodoks en Pinkster, bestuur?
- Betaaluitsendings is geopper as problematies in die konteks van godsdienstige uitsendings deur die openbare diens, maar die Redaksionele Beleide maak wel daarvoor voorsiening – is dit gepas?

Bestaande Beleide: Opvoeding

V: Wat is die ses breë gebiede waarin die SABC opvoedkundige programme oor sy dienste aanbied?

Ingevolge die Uitsaaiwet het die SABC die volgende gebiede vir opvoedkundige programmering geïdentifiseer:

- Vroeë Kinderontwikkeling
- Kinders Tuis
- Formele Opvoeding
- Jeugontwikkeling
- Volwassene en

V: Watter prioriteit word aan opvoedkundige behoeftes verleen?

Die SABC sien toe dat sy opvoedkundige programme historiese wanbalanse in die voorsiening van opvoeding herstel en veral, maar nie uitsluitend nie, dié wat op ras, geslag en gestremdheid berus. Die SABC koppel sy opvoedkundige uitsending aan nasionale prioriteite en behoeftes, wat die bereiking van uitkomsgebaseerde opvoeding, lewenslange leer, sowel as die assosiëring van opvoedkundige en lewenservaringe, ondersteun.

V: Is die SABC se opvoedkundige programmeringsbeleid verbind tot formele of informele opvoeding, of beide?

Die SABC verbind hom tot die verskaffing van innoverende opvoedkundige programme van uitstaande gehalte oor die volle spektrum van ons radio- en televisiedienste, en spits hom toe op die nakoming van die diverse formele en informele leerbehoefte van al sy gehore, met inbegrip van kinders, jongmense en volwassenes.

Herstening: Opvoedkundige Programmering

- Is die bogenoemde (en ander klousules) in die beleid steeds relevant en waar behoort wysigings aangebring te word?
- Opvoeding is die enigste deel van die Beleid wat programmering vir kinders uitvoerig behandel. Die Reithian formule van inlig, vermaak en opvoed geld egter ook vir die jonges - voorsiening moet tog seker gemaak word vir beleidse rakende programmering vir kinders.

Waar kan ek n kopie van die bestaande Redaksionele Beleide kry?

Om n kopie van die bestaande Redaksionele Beleide te bekom, gaan asseblief na www.sabc.co.za/editorialpolicy

Hoe kry ek meer inligting oor die hersiening van die Redaksionele Beleide in die hande?

Om meer inligting te bekom, stuur n e pos aan editorial@sabc.co.za of skakel 011 714 9111

Waarheen kan ek my voorlegging oor die Redaksionele Beleide stuur?

U kan u voorlegging deur die volgende kanale stuur:

E pos: editorial@sabc.co.za

Pos: Redaksionele Beleide

Private Sak X1

Aucklandpark

2006

